# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 26/08 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Uit die kantoor</u>:**
   Ons fokus op die netheid van ons leerders. Ek wil asseblief ouers versoek om ons asb. behulpsaam te wees met die volgende: korrekte kleredrag, blink skoene en kort en netjiese hare (seuns).

   Let daarop dat daar ekstra klasse vir u kind aangebied word wat op die toetsrooster aangedui is. Kinders moet hard leer vir die toetsreeks.

2. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 25 September 2022</u>:**
   Hierdie geleentheid kom vinnig nader en **ons benodig 35 bestuurders** om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

3. **<u>Toetsreeks</u>:**
   Die toetsreeks begin Maandag, 5 September tot Woensdag, 21 September. Toetse word geskryf vanaf Maandag tot Donderdag. Geen toetse word op 'n Vrydag geskryf nie.

   Skooltye sal aangepas word om voorsiening te maak vir 'n toetsperiode aan die begin van elke dag. Die skool sal ook gedurende die toetsreeks om 13:15 verdaag, wat beteken dat periode 8 en 9 sal wegval. Op die dae wat daar nie toetse geskryf word nie, sal die leerders ekstra akademiese klastyd hê om op te maak vir die periodes wat wegval.

   Na die toetsreeks keer ons weer terug na 'n normale skooldag tot die sluiting van die skool op 30 September.

   <u>Tye gedurende die toetsreeks: (MAANDAG TOT DONDERDAG)</u>

   | | |
   |---|---|
   | Aantree in rye | 07:30 – 07:35 |
   | Register | 07:35 – 07:45 |
   | TOETS | 07:45 – 09:00 (75 min.) |
   | Periode 1 | 09:00 – 09:35 (35 min.) |
   | Periode 2 | 09:35 – 10:10 |
   | Periode 3 | 10:10 – 10:45 |
   | Pouse | 10:45 – 11:05 (20 min.) |
   | Periode 4 | 11:05 – 11:40 |
   | Periode 5 | 11:40 – 12:15 |
   | Periode 6 | 12:15 – 12:45 (30 min.) |
   | Periode 7 | 12:45 – 13:15 |

   Elke leerder ontvang vandag 'n toetsrooster.

4. **<u>Stulting-kunstefees Prestige-aand: 9 September 2022</u>:**
   'n Groot eer het ons skool te beurt geval toe twee van ons leerders en 'n spreekkoor genooi is om tydens die prestige-aand op te tree. Tydens hierdie geleentheid word daar met die keur van die fees gespog. Hierdie leerders is:

herotel

Lilitha Ferreira - dans
Cima Booysen - voordrag
Die graad 3-spreekkoor

Ons is baie trots op ons leerders.

5. **NRF SAASTA ASTRO-QUIZ RONDTE 3:**
Ons graad 7-leerders wat twee weke gelede deelgeneem het aan die Astro-Quiz Rondte 2 (Distrik) het uitstekend gevaar. Twee spanne van 4 leerders elk het deelgeneem. Spanne wat 21 of meer uit 'n totaal van 30 kon kry, word gekies om aan die provinsiale uitdunne deel te neem. Een van ons spanne het 'n pragtige totaal van 25 uit 30 behaal in Rondte 2. Hulle het gister aanlyn deelgeneem aan Rondte 3. Ons hou styf duimvas dat hulle sal deurdring tot die nasionale kompetisie as provinsiale kampioene.

6. **ATKV Algemene jaarvergadering/kultuurkuier:**
Miencke Strydom het die wonderlike voorreg gehad om die R62-Kamerade te verteenwoordig tydens die ATKV se jaarlikse kultuurkuier wat plaasgevind het 16-18 Augustus by ATKV Klein-Kariba, Bela-Bela.

Verskeie leersame besprekings en motiveringspraatjies het plaasgevind en hulle is behoorlik bederf met die heerlikste etes by hierdie pragtige ATKV-oord.

Tydens 'n spogdinee waar die groep, Crescendo, hulle vermaak het met gaskunstenaars, Anna Davel en Deon Meiring, het die R62-Kamerade 'n toekenning ontvang vir 'n jeugtak in die Oos-Kaap met 'n uiters hoë vlak van funksionaliteit.

Sy het hoogs gemotiveerd teruggekom met hope interessante idees vir nuwe projekte. Dit was 'n onvergeetlike ondervinding om saam met so 'n groot groep Afrikaanssprekendes bymekaar te kom, idees uit te ruil en nuwe vriendskappe te snoer. Die ATKV maak werklik 'n verskil in ons land. Daarom beaam sy ook hulle slagspreuk: "Belê in jouself. Belê in jou toekom. #wees die verskil."

7. **Toelatings – 2023:**
Aansoek om toelating vir nuwe gr. 2- tot 10-leerders sluit op 31 Augustus 2022. Vorms is by mev. Daleen Strydom beskikbaar. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

8. **Koshuis:**
Koshuisaansoeke vir 2023 is nou oop. Aansoekvorms kan afgehaal word by mev. Simoné van der Mescht. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 29 September. Daar is 'n deposito van R 400.00 voordat die leerder toegelaat word in die koshuis. Die deposito is betaalbaar sodra die leerder aanvaar is vir die koshuis. Die maandelikse kostes vir die koshuis is R400.00 per maand, vooruit betaalbaar. Onthou daar moet elke jaar weer aansoek gedoen word om jou plek in die koshuis te behou. Ouers sal 'n brief van aanvaarding ontvang sodra die leerder goedgekeur is om in die koshuis te bly.

9. **Departementele vervoer:**
Daar kan nou aansoek gedoen word vir departementele vervoer vir 2023. Aansoekvorms kan by mev. Simoné van der Mescht afgehaal word. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 9 September. Onthou, jy moet jaarliks aansoek doen om plek op die bus te kry. Daar is slegs 34 plekke beskikbaar op die bus. Die eerste 34 vorms wat ontvang word en korrek ingevul is, sal plekke op die bus kry.

10. **Finansies:**
- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.
  Ons merk dat daar heelwat ouers is wat agterstallig is met die betaling van skoolfonds. Die skool kan nie die deure oophou indien ouers nie

herotel

hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerders ontvang kwaliteit onderrig, dus is dit onregverdig dat betalende ouers, selfs onder moeilike finansiële omstandighede, leerders van ouers wat versuim om skoolfonds te betaal, moet subsidieer. Ons opregte dank aan ouers wat gereeld hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam + van** |

- Busgeld: (per kwartaal)
  Daaglikse roete:
  Misgund: R2 220
  Louterwater: R1 990
  Krakeel: R1 750
  Busgeld vir die derde kwartaal op die McLachlanbus moes op 1 Augustus 2022 betaal gewees het. Indien busgeld nie vereffen is nie, sal leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik kan maak nie.

- Die **kopieerkoste van R520** per leerder vir 2022 moes teen 25 Maart 2022 vereffen gewees het – daar is egter nog heelwat uitstaande. Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om die uitstaande kopieerkoste so gou moontlik te betaal. Die skool moet huurgeld vir die fotostaatmasjiene betaal, en ink en papier koop. Ons maak staat op u samewerking.

- ‘n Inbetaling van R1130, met verwywing, “digitale inbetaling”, is op 28 Julie gedoen. Sal die persoon wat dit betaal het asb. vir mev. Mattheus skakel.

- Die koshuisrekenings is per hand aan leerders oorhandig.

11. **Sport:**
    - 27 Augustus, LS Stulting Sportdag te Hoërskool Nico Malan:
      Saterdag speel die volgende spanne by LS Stulting se sportdag:

      Netbal: 0/11, 0/12, 0/13 A+B
      Rugby: 0/9, 0/11, 0/13

      Bustye: Misgund: 06:00
      Krakeelrivier: 06:25
      Skool: 06:40
      Ravinia: 06:45

      **Let op dat die sport by Hoërskool Nico Malan plaasvind.**

12. **Landsdiens:**
    2-3 September gaan die landsdienslede ‘n tuinprojek by Huis Bester aanpak. Ons gaan na skool begin met voorbereiding. Die Vrydagaand slaap die lede in die koshuis waar ons lekker saam gaan sing. Saterdagoggend na ontbyt pak ons die projek weer aan tot ongeveer 12:00. Ouers is meer as welkom om te kom help. Kostes vir die oorbly is R100 per kind. Gelde is betaalbaar by mev. Simoné van der Mescht.


13. **Langklooffees: 26 – 30 Oktober 2022:**
    Koop betyds u kaartjie om teleurstelling te voorkom.

| Datum: | Aktiwiteit: | Plek: | Koste: | Kaartjies beskikbaar by: |
|---|---|---|---|---|
| Wo. 26 Okt. | Vrouedag | Kerksaal | R150 | Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vr.<br>28 Okt. | Franja &<br>Appel | George<br>McLachlan-<br>saal | Tafels:<br>R180<br>(ongeag ouderdom)<br><br>Rye stoele:<br>R 120<br>[Volw/HS-leerders]<br><br>R90<br>[LS/VS/Pensioenarisse] | Augusta Mattheus<br>042 – 940 2775<br>admin@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>29 Okt | Kaskarresies | Rugbyveld | VS – Skopfietse: R50<br><br>Juniorspan: R200<br><br>Seniorspan: R250<br><br>Volw/Plaas/Besighede:<br>R500<br><br>Uitdaag: R200<br><br>Inskrywings sluit<br>hektoegang in. | Inskrywingsvorms<br>beskikbaar by:<br>Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>29 Okt. | Wicus v.d.<br>Merwe | Tent | Ingesluit by Saterdag<br>hektoegang. | N.V.T. |

Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Augusta soos aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Rekeningnaam: | **Langklooffees** |
| | Bank: | FNB Joubertina |
| | Takkode: | 210315 |
| | Rekening nommer: | 620 2722 6978 |
| | Verwysing: | **U naam en betrokke aktiwiteit** |



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27(0) 42-9402775
Sel: +27(0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit